# SWAAN EN FLAMINK
## PREPRIMÊRE SKOOL



# FINANSIËLE BEPALINGS 2021

1. **UITEENSETTING VAN SKOOLGELDE**

1.1 SKOOLFOOIE

1.1.1 Hierdie is die kernfooi en befonds die ontwikkeling en opvoeding wat die kinders by Swaan en Flamink ontvang tot om 14:00 elke dag.

1.1.2 Daar word 'n onderskeid getref tussen die fooie vir babas en peuters, wat meer aandag verg en gevolglik kleiner klassies het, en kleuters.

1.1.3 Die Peuterfooi is vir die hele jaar van toepassing op die Peuterklas leerders.

1.1.4 Skoolfooie word ook gebruik om uitstappies en instappies te befonds en sluit alle opvoedkundige speelgoed en skryfbehoeftes in.

1.2 NASKOOLFOOIE

1.2.1 Hierdie fooi is slegs van toepassing indien u kinders in die namiddag ook by Swaan en Flamink bly.

1.3 VAKANSIESKOOLGELDE

1.3.1 Die vakansieprogram word aangebied teen 'n koste van R60 per kind per dag.

1.3.2 Die volle hoeveelheid dae wat u kleuter die vakansieskool gaan bywoon moet twee weke voor die aanvang van die vakansie bevestig, en betaal word.

1.3.3 Die betaling is ongelukkig nie terugbetaalbaar indien u kleuter nie die dae bywoon wat bevestig is nie. Hierdie benadering is nodig omdat daar voor die tyd reëlings (teen ‘n koste) getref moet word vir voldoende personeel vir die hele vakansie, en as ‘n kind bywoning bevestig en nie bywoon of betaal nie word die vakansieskool teen ‘n verlies bedryf, en ly die finansies van die skool as ‘n geheel daaronder.

1.4 INTREEFOOI

1.4.1 Die intreefooi is ‘n eenmalige nie terugbetaalbare administrasiefooi wat by die eerste inskrywing van u kind by Swaan en Flamink gehef word en sluit die koste van ‘n matrassie en sloop in.

## 2. SKOOLFOOIE VIR 2021

Om ouers tegemoet te kom en die finansieringsmodel van die skool meer vaartbelyn te maak is daar deur die Raad besluit om skoolfooie jaarliks vas te stel, maar slegs die betalingsvoorwaardes te hersien Kortliks, behels hierdie hersiening dat die betaalopsies van die jaarlikse fooi gedurende 2021 betaalbaar sal wees oor ‘n 10 maande periode, teenoor ‘n 12 maande periode, in die verlede. Dit verlig die las gedurende Desember en Januarie wat gekenmerk word as moeilike finansiële maande vir beide die skool en ouers. Jaarlikse skoolfooie is geluikluidens met inflasie verhoog teen ‘n koers van 4.2%.

2.1 SKOOLFOOIE

| | |
|---|---|
| LLAMA- , KEWER- & BYTJIE KLASSE | R42 900 PER JAAR |
| OLIFANTE, KAMEELPERDE,LEEUS & ZEBRAS | R30 750 PER JAAR |
| UILTJIES, APIES, PIEPMUISE | R30 750 PER JAAR |
| NASKOOL FOOI | R7 020 PER JAAR |

2.2 BETAAL OPSIES

- Skoolgelde voor of op 28 Februarie 2021 vereffen – korting van 6% toegestaan.
- Paaiemente (skoolfooie) word oor 10 maande versprei (begin 1 Februarie tot 1 November).
- Of 4 gelyke paaiemente aan die begin van 'n kwartaal:
- 27 Januarie 2021
- 13 April 2021
- 13 Julie 2021
- 5 Oktober 2021
- Debietorders se paaiemente word oor 10 maande versprei( begin 1 Februarie tot 1 November).

2.3 VAKANSIESKOOL

2.3.1 R60 per kind per dag.

2.4 INTREEFOOI

2.4.1 R700.

## 3. **BETALING VAN SKOOLGELDE**

3.1 Skoolfooie en naskoolfooie is streng vooruitbetaalbaar voor of op die eerste (1) van elke maand. 1 Februarie tot 1 November.

3.2 Indien 'n paaiement na die veertiende (14de) dag van 'n maand nog uitstaande is, behou die Raad die reg voor om die skoolbywoning van die betrokke kleuter te beëindig en is die betrokke ouers/voogde steeds vir die betaling van daardie paaiement verantwoordelik.

3.3 Skoolfooie en naskoolfooie is betaalbaar vir die jaar ongeag skooltermyne en – vakansies en ongeag of die kind vir welke rede ookal afwesig is gedurende daardie maand.

3.4 Alle gelde is elektronies betaalbaar in die skool se bankrekening.

**Bankbesonderhede:**

Whitestraat Kleuterskole

Nedbank

Brooklyn taknommer: 163 145

Rekeningnommer: 1631 039 199

Verwysing: Kind se naam en van

**LET WEL: GEEN KONTANT OF TJEKBETALINGS WORD AANVAAR NIE WEENS SEKURITEITSREDES. VERSKAF ASB BEWYS VAN ELEKTRONIESE BETALINGS AAN DIE SKOOLKANTOOR**

- Debietorders se paaiemente word oor 10 maande versprei( begin Februarie tot November).

4. **IMPLIMENTERING VAN DEBIETORDERSTELSEL**

4.1 Skoolgelde word maandeliks deur die skool by wyse van ‘n debietorderstelsel gevorder van die ouerrekening waarvan besonderhede in Aanhangsel SF3A deur die ouer verskaf word.

4.2 Die ouer onderneem om gemelde magtiging nie te kanselleer vir solank hierdie kontrak geldig is nie.